



## Wenk van die Maand

Julie 2019

### DIE VYF ALGEMEENSTE FOUTE MET BYVOEGMIDDEL KEUSE EN WATERKWALITEIT

Ons het al ongelooflike sukses verhale met byvoegmiddels beleef, en dit is nie ongewoon om tot 'n 30% verhoging in gewasbeskerming produk (GBP) effektiwiteit te bewerkstellig nie, mits die korrekte byvoegmiddel gebruik word. Ons sien egter dikwels swak plaagbeheer wat deur verkeerde byvoegmiddel keuse veroorsaak word.

In hierdie uitgawe word die mees algemene foute met byvoegmiddel keuse en waterkwaliteit bespreek, en Villa se kommentaar word in **rooi** aangedui.

#### 1. Die wonder produk benadering.

Die gebruik van een byvoegmiddel vir alle GBP benadering het 'n praktyk geword, eerstens oor die weerstand om te veel produkte in voorraad te hou, en tweedens oor die ongelooflike aansprake oor sekere byvoegmiddels en hul vermoë om veelvoudige funksies te vervul.

**Die wonder produk, een byvoegmiddel doen dit alles, is 'n wanpersepsie en daar is altyd 'n paar produkte nodig om alle GBP beperkinge te oorkom.**

#### 2. Die gebruik van buffers as 'n standaard praktyk.

Die kultuur om buffers as 'n standaard praktyk te gebruik het in die 1980's ontstaan omdat daar geglo is dat alle GBP baat vind by 'n lae pH. Hierdie benadering was suksesvol met sekere insekdoders en ander GBP gewees, maar dit het ook tot antagonisme van sekere onkruidodders (bv. SU's) asook vele ander mengbaarheids probleme gelei.

**Buffers behoort net gebruik te word om alkaliese hidroliese van sekere insekdoders te beperk of om die spuitoplossing pH reg te stel wanneer dit aanbeveel word.**

#### 3. Die standaard gebruik van "penetrante."

Penetrante is nie regtig 'n byvoegmiddel groep nie, maar die term word soms vir sekere olies of selfs benatters wat die opname proses bevorder, gebruik.

**Verskeie wateroplosbare GBP (sekere SL en SG produkte) kan geweldig gevoelig vir die tipe byvoegmiddel formulase wees.**

**Ter voorbeeld hiervan kan glifosaat se aktiwiteit deur sekere olie byvoegmiddels benadeel word. Penetrante kan baie effektiewe byvoegmiddels wees, maar die kans dat dit altyd die effektiwiefste sal wees, is baie onwaarskynlik.**

#### 4. Die persepsie dat meer druppel verspreiding altyd voordelig is.

Uitermatige druppelverspreiding het voordele soos bedekking wat die effektiwiteit van sekere toedienings kan bevorder. Benatters wat baie versprei word egter soms oorbenut omdat daar geglo word dat dit altyd die effektiwiefste is.

**Die waarheid is eerder dat uitermatige verspreiding nie altyd voordelig is nie, veral met sekere sistemiese GBP. Dit is bewys dat glifosaat opname deur te veel druppel verspreiding benadeel kan word.**

#### 5. Die gebruik van pH as 'n aanduiding van water soutinhoud.

Daar is nog steeds verwarring hieroor, en 'n hoë pH word nog steeds met 'n hoë soutinhoud geassosieer. Die gevaar met hierdie persepsie is dat dit aangeneem word dat sout byvoegmiddels nie in neutrale of lae pH water benodig word nie.

**Dit is ongelukkig totaal verkeerd. Die hoogste soutinhoud water het dikwels 'n naby aan neutrale pH. Meet die EC of laat doen 'n waterontleding om die soutinhoud te bepaal. Hou asseblief in gedagte dat lae soutinhoud water 'n eie stel probleme, soos skuimvorming, pH-fluktuasies en fisiese onmengbaarheid het.**

#### Villa se mening

'n Algemene reël met byvoegmiddels is om die GBP etiket te volg en om nie ongeregistreerde byvoegmiddels, of produkte wat ongegronde aansprake maak, te gebruik nie.

Kontak Brian de Villiers vir meer inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by 082 880 0974 of [bdevilliers@villacrop.co.za](mailto:bdevilliers@villacrop.co.za)